Verwysing: 20180815-5217
Lêer no.: 12/12/13/1
Navrae: R Larney

Omsendbrief: 0031/2018
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief lig skole in oor die nuwe verbeterings op SOBIS aangaande die beheerliggaam se kieserslys vir ouers, die vaslegging van beheerliggaamlede se profiele en die self-evalueringsinstrument om vas te stel hoe goed beheerliggame gefunksioneer het*

Onderwerp: Verbeterings aangebring op SOBIS aangaande die beheerliggaam se kieserslys vir ouers, die vaslegging van beheerliggaamlede se profiele en die jaarlikse voltooiing van die self-evalueringsinstrument om vas te stel hoe goed beheerliggame gefunksioneer het

1. 'n Funksionerende en betrokke beheerliggaam is een van die grootste aanduidings dat 'n skool goed werk. Die ouers se rol in die bestuur van 'n skool en in hulle eie kinders se opvoeding mag nie onderskat word nie, want ons het gesien hoeveel trefkrag dit het.

2. Beheerliggame is 'n module op SOBIS wat skole toelaat om inligting oor hulle beheerliggame vas te lê en om skole ook te help om 'n kieserslys vir daaropvolgende verkiesings, tussenverkiesings en vir die koöptering van nuwe lede voor te berei. Die beheerliggaammodule op SOBIS bestaan uit die volgende afdelings:

2.1 Die vaslegging van ouers se inligting om 'n kieserslys saam te stel: Skole moet daarop let dat slegs twee ouers per leerder vasgelê kan word. Die rol wat ouers in 'n skoolmilieu en in die opvoeding van hulle kinders speel is beduidend en behoort nie ondermyn of as vanselfsprekend aanvaar te word nie. Skole moet elke moontlike poging aanwend om te verseker dat slegs ouers wat aan die wetlike vereistes voldoen, soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), op SOBIS vasgelê word.

2.2 Gekose beheerliggaamlede se profiele: Skole moet elke jaar tussen April en Junie die profiele van hulle beheerliggaamlede op SOBIS vaslê en/of bywerk.

2.3 Opleiding van beheerliggame: Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is toegewy daaraan om te verseker dat alle beheerliggame ondersteun word. Dit is dus belangrik dat skole die opleidingsbehoeftes van elke beheerliggaamlid, sowel as die opleiding wat ontvang is, vaslê.

2.4 Vereniging: Volgens artikel 20(3) van SASW kan 'n *beheerliggaam* by 'n vrywillige vereniging wat *beheerliggame van openbare skole* verteenwoordig, aansluit. Hierdie afdeling laat skole toe om betalings aan die beheerliggaamvereniging(s) waarmee 'n skool geaffilieer is, vas te lê.

2.5 Beheerliggaaminstrument om vas te stel hoe goed daar gefunksioneer is: Daar word van elke skool verwag om elke jaar tussen **01 Augustus en 30 September** te evalueer hoe goed die beheerliggaam gefunksioneer het. Die evaluering, wat deur die prinsipaal en voorsitter van die beheerliggaam afgeteken word, sluit die beoordeling van beheerliggame volgens die volgende aspekte in:

2.5.1 Beheerliggaambeleide en -wetgewing
2.5.2 Vergaderings en bates
2.5.3 Finansiële bestuur
2.5.4 Kurrikulumkwessies wat beheerliggaamondersteuning vereis

2.6 Kwartaallikse beheerliggaamvergaderings: SASW vereis dat beheerliggame ten minste een keer per kwartaal vergader, en skole kan nou hulle beplande en werklike vergaderingdatums vaslê.

2.7 Ontbinding van beheerliggaam: Die hersiene *Regulasies vir die Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2017,* gepubliseer in *Buitengewone Provinsiale Koerant* No. 7810, gedateer 17 Augustus 2017, laat die Hoof van die Departement toe om 'n beheerliggaam te ontbind. Hierdie afdeling laat skole toe om die besonderhede vas te lê indien die beheerliggaam ontbind word.

3. Prinsipale word daaraan herinner dat die WKOD en skole jaarliks geouditeer word en besonderhede van die beheerliggame moet jaarliks akkuraat vasgelê en bygewerk word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-08-25